Arbeidsbediening Industrial Ministry

IMSA Industrial Ministry in South Africa Cape Region

nuusbrief • 2019 • newsletter

Meeste aanbiedinge van *BrightStar* – veels geluk!

V.l.n.r.: Ds Booysen, Lene November en Amanda Swanepoel

Veels geluk aan ds Jannie Booysen, aanbieder van Arbeidsbediening se *BrightStar*- en *First Light on BrightStar*-programme (http://bit.ly/2VyItj7) en Lene November, mede-fasiliteerder, wat die kompetisie gewen het vir die organisasie wat vanaf Augustus 2018 tot einde-Januarie vanjaar die meeste van hierdie kursusse aangebied het.

BrightStar is die afgelope tyd veral baie suksesvol aangebied aan VGK-katkisante en plaasarbeiders. Dit bestaan uit drie modules: My Briljante Self, My Briljante Verhoudings en My Briljante Leierskap wat oor twee dae aangebied word.

Amanda Swanepoel van *BrightStar* het op 18 Februarie die prys aan ds Booysen en Lene November by hul hoofkantoor in Bellville kom oorhandig.

Ons is BAIE TROTS op julle!

Kontak Carin Brink
cbrink@kaapkerk.co.za

Splinternuwe skeepsvraghouer skep menswaardige ruimte

Johan du Plessis, hulpwerker van Arbeidsbediening in die Paarl getuig: "Wat 'n voorreg om met julle te kan deel wat die Here vir een van ons besoekpunte, die MCM (Monte Christo Miqlat)-groep, gedoen het. Die koortjiedigter sê: 'Die liefde van Jesus is wonderbaar!' Daarop sê ons 'Amen!'"

Johan verduidelik: "Vir byna twee jaar kom ons Vrydagoggende by die taxi-staanplek langs die Bergrivier bymekaar vir ons bediening aan die MCM-groep. Ons het geen ander plek gehad as om op 'n verkeerseilandjie bymekaar te kon kom met taxi's wat gedurigdeur verby ons jaag nie.

"Die geraas was meestal so erg dat ons nie mekaar kon hoor nie. Sommige se skel-/vloektaal was aan die orde van die dag. Ons was blootgestel aan die wind en weer en soms moes ons die byeenkoms as gevolg daarvan afstel.

"Ons het toe vir die Here gebid vir 'n onderdakplekkie, mét stoele. En ons Vader het ons gebede beantwoord!

"Ons Burgemeester, die Hoof Uitvoerende Beampte van HG Molenaar & Co (Pty) Ltd, asook verskeie ander personeel van MCM het 'n nuwe dubbele skeepsvraghouer (geborg deur Isipani) wat op 'n sementblad op die wal van die Bergrivier opgerig is, met swier geopen. Dit was 'n grootse gebeurtenis vir ons hier by Arbeidsbediening; ons kon nou in 'n menswaardige plek die mense van MCM bedien met God se Woord.

Personeel van die MCM-groep voor die skeepsvraghouer wat as ruimte ingerig is vir geestelike bediening.

"Die skeepsvraghouer is nuut gespuitverf, toegerus met nuwe vensters en diefwering asook elektrisiteit. Al hierdie werk is deur verskeie donateurs gedoen; mense sonder wie hierdie nuwe bedieningspunt nooit moontlik sou wees nie. Ons waardeer hul omgee oneindig baie en bid die Here se seën oor hul elkeen."

Mag jy in die dorp of stad waar jy woon, ook raaksien waar God jou vermoëns en middele kan gebruik om 'n verskil aan mens se lewens te maak.

Kontak Vera Blaauw
verablaauw47@gmail.com

West Coast Team welcomes Pastor Philander

We gratefully welcome pastor Joseph Philander as spiritual worker in Vredenburg. He replaces Landa Bester, who has accepted a permanent position in a local congregation.

As residents of Vredenburg on the West Coast, pastor Philander and his wife, Eileen, worked as pastoral couple in their local congregation for the past 3 years. They have 2 children; Chad is a chef at Oblivion Restaurant in Claremont while Esther sings professionally with Soul Unit Collective.

It was in 2018, while pastor Philander was volunteering with Industrial Ministry, that Landa Bester encouraged him to pray about the possibility of leading the ministry full time. Both were convinced that this was God's will in God's perfect timing.

Pastor Philander's work at Industrial Ministry involves regularly offering short devotions and motivational talks at various companies in Vredenburg and the surrounding areas. His dream is to share the love of God, and that people may grow in their faith and develop a living relationship with the Lord.

Contact Pastor Philander
josephphilander@yahoo.com.

Joseph Philander

EDITORIAL

Kay Warren perfectly summarizes the focus and activities of Industrial Ministry when she says, "The world needs to hear from us that God personifies joy. They must know that Jesus was a man of joy as well as sorrows … that the Holy Spirit gives us joy as a birthright we may claim. They must know that the Bible is a book of gladness; referencing joy, laughter and happiness a lot more often than tears, grief and sadness."

Every story in this newsletter will remind you that joy is made possible through the living Christ, no matter the circumstances. May you delight in the testimonies and stories flowing out of hearts that openly received the Good News.

Thank you to every individual personifying the Book of Joy to others; raising funds to make this precious work and calling sustainable; equipping and empowering others to understand their life purpose and confirming to so many that His life gives us permission to seek a life of joy, even in a world of sorrow.

REDAKSIONEEL

Kay Warren vat die fokus van Arbeidsbediening en sy werksaamhede so mooi vas as sy sê: "Die wêreld moet van ons hoor dat God vreugde verpersoonlik. Hulle moet weet dat Jesus 'n man van vreugde asook 'n man van smarte was. Hulle moet weet dat die Heilige Gees vir ons vreugde as 'n geboortereg gee wat ons mag opeis. Hulle moet weet dat die Bybel 'n boek van vreugde is, met meer verwysings na vreugde, lag en blydskap as verwysings na trane, smart en hartseer."

Wanneer jy hierdie nuusbrief lees, sal jy in elke storie daaraan herinner word dat Jesus se lewe vreugde moontlik maak, ongeag die omstandighede. Mag jy jouself verlustig in die getuienisse en stories waar die Blye Boodskap met ope arms ontvang is.

Dankie aan elkeen wat die inhoud van die Boek van Vreugde aan ander demonstreer, fondse insamel om hierdie kosbare werk volhoubaar te maak, mense toerus en bemagtig om te verstaan wat hul lewensdoel is en om te bevestig dat Christus se lewe ons toestemming gee om 'n lewe van vreugde vir onsself te soek, selfs in 'n wêreld van smart.

Carin Brink
Streeksbestuurder: Arbeidsbediening Wes- en Suid-Kaap
Area manager: Industrial Ministry
cbrink@kaapkerk.co.za

'n Hartlike dank aan alle medewerkers van hierdie uitgawe. Ons bedank ook al ons donateurs wat ons werk so getrou ondersteun.
Lees meer van Arbeidsbediening by **http://imsacape.christians.co.za/** en op ons facebook by **https://www.facebook.com/Arbeidsbediening**.
Kontak ons gerus by **cbrink@kaapkerk.co.za**
Arbeidsbediening, Privaatsak X8, BELLVILLE, 7535. Tel: 021 957 7153.

A warm thanks to all the contributors of this issue. We also thank all our donors who support our work so faithfully.
Read more about Industrial Ministry at **http://imsacape.christians.co.za/**
and at our Facebook at **https://www.facebook.com/Arbeidsbediening**.
Contact us at **cbrink@kaapkerk.co.za**
Arbeidsbediening, Private Bag X8, Bellville, 7535. Tel: 021 957 7153.

Biblia's support for those abused and injured at sea

Dane du Plessis, pastoral worker at Biblia Cape Town, often fights for the rights of abused seafarers. In October last year he had to stand up for their rights once again.

"After Biblia conducted an inspection on a vessel, two Tanzanian fishermen reported to Dane that they had been beaten by the Chinese captain who happens not to be fond of African people. They were the only Africans in a crew of about twenty.

"The rest of the crew (Indonesians and Filipinos) testified that the two were indeed being abused, whereafter the captain reluctantly admitted that he was guilty, 'only a little smack on their heads a few times…'

Dane continues, "After negations with the shipping owners and agents, the two men were finally sent home and compensated accordingly.

"A few days later I was sent a picture by one of the men, posing at the airport with his wife and sister. He reported that he was safe and extremely grateful for the help Biblia had given him; he would never forget what Biblia had done for him."

Dane shared a second story of how Biblia supports seafarers, "Eric began working on a South African trawler in mid 2018. Knowing that his wife was pregnant, it was the only means of income for the family and his soon-to-be-born son.

"While at sea between Cape Town and St Helena, a heavy metal object fell on Eric's left foot. Unfortunately, being out on the ocean often means lack of access to adequate medical care. Eric waited nearly a day to reach Cape Town and despite his wounds finally being treated, he still lost three toes.

"Currently Biblia is working alongside the AOS (Apostleship of the Sea (http://bit.ly/2VULTSF) in Cape Town to ensure that Eric is compensated for the loss of his toes and fighting for the company to be held liable for all medical bills and outstanding wages. Eric is recovering at home and his son has since been born. He hopes to make a career change and be an Uber driver in the future."

A Tanzanian seafarer with his wife and sister at the airport.

Contact Dane du Plessis
duplessisdane@yahoo.com

Ceres se seën en waardering

Alle geestelike werkers en bedienaars van God's Woord sal seker saamstem dat mens dit soms baie nodig het om ook deur iemand anders geestelik bedien te word. So het dit ook hierdie jaar op Ceres gebeur.

Willie Smit, geestelike werker op Ceres, deel met ons hoe hy vanjaar uit 'n onverwagte oord geseën is: "Terwyl ek vroeër vanjaar op pad na Ceres toe was, sien ek iemand langs die pad duimgooi en besluit om hom 'n saamrygeleentheid te gee. Dit was kort na Paasfees. Omdat ek gewoond daaraan is om met baie verskillende soorte mense te gesels, was dit ook vir my maklik om ons gesprek in 'n geestelike rigting te stuur. En daar bemoedig en bedien hierdie ryloper my toe so wonderlik deur sy getuienis! Hy vertel aan my hoe wonderlik en geseënd hy die Paasfees ervaar het en hoe hy weer opnuut onder die indruk van die krag van Christus se Gees gekom het – dat 'n mens álle mense moet liefhê en nederig moet wees. Dit het my baie diep geraak en net weer eens laat besef hoe liefdevol die Gees van die Here is."

Soms is dit ook goed om te hoor as die mense aan wie jy bedien jou waardeer. Een van die ander vrywilligers van Arbeidsbediening daar, deel met ons die reaksie van die mense wat sy bedien by van haar besoekpunte: "Dit is wonderlik toe een van die vroue na 'n diens vir my 'n drukkie kom gee het omdat my woorde haar 'so diep geraak' het.

"En dan is dit wonderlik om gereeld tegemoet gekom te word deur twee of drie vroue, as hulle my deur die winkelvenster sien aankom en die deur met oop arms en breë glimlagge kom oopmaak!

"'n Bestuurderes van een van die ondernemings waar ons bedien, het ook al getuig dat elke keer as ek daar kom, dit vir haar voel asof my boodskap spesiaal vir haar was. Dit beteken vir haar geweldig baie en dit gee vir haar die krag wat sy nodig het vir die maand – tot ek weer die volgende maand kom."

Kontak Willie Smit
023 312 1361

Support initiatives that restore those in need

At IMPAK, Industrial Ministry's local action committee branch, our purpose is not only to reach people in the workplace with the Word of God, but also to support initiatives that restore those who need help in other areas of life.

IMSA's ministry facilitator, Jaco Leeu-wner, took a step closer to the marketplace in this regard when he recently accepted the position as branch manager for MES (Mould Empower Serve) Cape Town. MES provides 45 men and 18 women with a place to sleep every night at their Safe Space accommodation unit in Bellville.

Men and women who would have had no other option than to sleep on the street, are now offered a second chance in life through MES's GROW (God Restoring Our World) programme. Here participants are rehabilitated and coached to re-enter the normal working world.

Over a period of 9 to 12 months they have free access to professional services such as welfare and occupational therapy as well as the opportunity to earn a small income under close supervision.

Jaco Leeuwner with the GROW Team. F.l.t.r.: Jaco Leeuwner, Sheron Matipedza (depot coordinator), Anelle Erasmus (marketer), Nancy Kariuki (depot coordinator), Rochelle Carelse (finance) and Nazeema Benjamin (depot coordinator)

MES with its Safe Space accommodation and GROW programme can be duplicated anywhere and is fully outcome-based, equipping down-and-out members of society to safely exit and enter back into working life.

IMPAK is excited about finding creative ways of working alongside MES at their GROW depots in Bellville, Durbanville and Brackenfell.

Contact Jaco Leeuwner
jaco@worldatwork.net

We would be lost without Kalk Bay's Pastor Petersen

Marvin with one of the fishermen at Kalk Bay's harbour

The passion and dedication with which Marvin Petersen ministers to the fishing community is incredibly encouraging. A small grey building called the BIBLIA kiosk at the Kalk Bay Harbour entrance offers the destitute and needy a safe, cosy space in which to experience the love of Christ through prayer support or even just a hot cup of coffee.

The appreciation of the community echoes through the recent words of a local fisherman, "The fishing community would be lost without Pastor Marvin."

Marvin shares the following inspiring story, "When we recently went to Home Affairs in Wynberg, a lady came out of the U-Turn clothing shop calling, 'Pastor, Pastor!'

"At first we didn't recognize her but then she said, 'It's me, Bianca'. We were dumbstruck, amazed and encouraged to see her doing so well.

Marvin explains, "We hadn't seen her and her partner for more than two and a half years, but before they disappeared Bianca and her partner, both homeless at the time, had been coming to our ministry regularly, faithfully sitting under the teaching of God's Word. They heard the gospel and benefited from food parcels. The couple took our counsel seriously and trusted in the Lord for a changed life. Bianca is now 3 years off drugs, married to her partner and working at the U-Turn shop. They are currently renting a place and most importantly, serving the Lord together.

"What a great gift to see the outcome of a changed life! Bianca couldn't stop thanking us, promising to visit us and to continue testifying to others that with God nothing is impossible.

"This beautiful encounter came by surprise and encouraged us to rest assured that even if we do not always see the fruit of our labour, we may know that we have sown seeds and that God will use this to change people's lives.

"Someone once asked me what successful evangelism looks like. Is it measured by the number of converts we see? I pondered over that question a long time but now I can say – successful evangelism is nothing more than sharing the gospel! We sowed the seed, U-Turn watered it and God made it grow.

"All glory and praise to God!"

Contact Marvin Petersen
marvinpetersen@ymail.com

The Swanepoels of Worcester – Jesus' hands and feet

As spiritual worker of Industrial Ministry in Worcester, Gassie Carstens recently found himself deeply moved by Danie Swanepoel's fervent efforts as volunteer, as well as by the support Danie's wife, Alta, gives him.

Years ago, Danie suffered several strokes which prevented him from continuing to serve in Industrial Ministry. Despite these challenges, Danie's passion never waned and he recently contacted Gassie with the request to serve in Industrial Ministry again. Danie was convinced he could still make a meaningful contribution to the ministry as long as his wife is given permission to accompany him everywhere. If he were to suffer another stroke, she would know exactly what to do.

Gassie decided to offer Danie the opportunity to become involved again slowly and with his wife accompanying him once a month, they joined in the work being done with new vigor and enthusiasm. It is well worth noting that they must walk everywhere they need to be. This often means a 06:30 start if they want to preach at an 08:00 service at one of the ministry points.

"Danie and his wife's enthusiasm for their calling to serve in Industrial Ministry is such an inspiration and their commitment is a practical example to all of us in Worcester," testifies Gassie.

Contact Gassie Carstens
gassie@caracc.co.za

Danie Swanepoel and his wife, Alta

Arbeidsbediening George bedien op 'n nuwe manier

Die eerste groep werknemers wat sertifikate vir hulle Finansiële Geletterdheidsprogram ontvang het. Ds Floors Meyer (agter, heel links) en Adrinette Muller (agter, naaslinks), Francois Pretorius, verteenwoordiger van die werkgewer, (agter naasregs), en programleier, Philip Nortjé (agter heel regs).

Soos ons weet, bly niks dieselfde nie en moet ons onsself gedurig aanpas by veranderende omstandighede, en so ook met Arbeidsbediening. As gevolg van nuwe werklikhede in die werksplek, is hulle onlangs genoop om op 'n nuwe manier na die relevansie van hul bediening in die markplek te gaan kyk.

Ds Floors Meyer wat onlangs geëmeriteer het en nou op kontrakbasis voltyds by Arbeidsbediening in George werksaam is, verduidelik: "As die mense vir Jesus kom vra wat Hy eintlik daar doen, antwoord Hy: 'Ek het gevangenes kom vry maak.'

"Daar is soveel mense in werksplekke wat voel dat hulle slagoffers is; slagoffers van apartheid, van BBBEE, van hul omstandighede, dat Arbeidsbediening 'n noodsaaklike roeping het om mense hul ware identiteit in Christus te help ontdek; om bevryding te beleef."

Behalwe die verkondiging van die evangelie het Arbeidsbediening ook twee ander belangrike behoeftes geïdentifiseer: eerstens dat hulle geestelike werkers geakkrediteerd moet wees (goed toegerus en ondersteun moet word) sodat hul geloofwaardigheid beskerm kan word. Tweedens is dit nodig om 'n personeelondersteuningsprogram uit te rol wat die behoeftes van die markplek aanspreek.

Op George gebruik hulle tans vier geakkrediteerde programme daarvoor: die **BrightStar** Lewensvaardigheidsontwikkelingsprogram, die **TID (*Traumatic Insidence Reduction*)**-program en die **First Light on Bright-Star-program.**

Arbeidsbediening het 'n lisensieooreenkoms met *Africa Skills Training College* gesluit om hul **Finansiële Geletterdheidsprogram** aan te bied en gaan ook 'n geakkrediteerde fasiliteerder daar laat oplei. Daar is 'n groot behoefte aan persoonlike finansiële bestuursvaardighede in die markplek.

Die **Dissipelskapsprogram** wat veral in die landbousektor aangebied word, fokus daarop om mense te leer hoe om navolgers van Jesus te wees met die klem op rentmeesterskap. Die vraag is dus nie hoe 'n suksesvolle werkgewer of werknemer ek is nie, maar watter verskil maak ek in mense se lewens?

In George het hulle reeds met hul akkreditasieproses begin en van hierdie passievolle aan-die-brand Plaaslike Aksiebestuur word daar groot impak verwag.

Kontak Floors Meyer
floors@mweb.co.za



"Die sleutelwoord is betrokkenheid," verduidelik André van Staden op navraag hoe Arbeidsbediening dit regkry om sulke goeie verhoudinge met die kerke en instansies op Oudtshoorn te hê.

Arbeidsbediening is baie afhanklik van hul stad of dorp se ondersteuning. Om dit te bewerkstellig, moet werkgewers veral goed verstaan wat die bediening behels en moet daar ook 'n goeie verhouding met kerke en instansies opgebou word.

André en sy vrou het, toe hulle 26 jaar gelede op Oudtshoorn kom woon het, as lede van die Gideons, dadelik by instansies soos kerke, hotelle, hospitale en skole ingeskakel. Hulle het ook op kerkrade gedien en rings- en sinodesittings bygewoon. Toe hulle dus by Arbeidsbediening betrokke raak, was hulle bekend by 'n sterk netwerk van leraars, pastore, besigheidsmanne en skoolhoofde.

Van die ongeveer 80 besoekpunte in Oudtshoorn, besoek André self sowat 40 daarvan. Hy maak ook ekstra tyd om gereeld met die sakemanne en leraars om 'n koppie koffie te kuier.

As gevolg van die positiewe gesindhede wat op hierdie manier opgebou word, word Arbeidsbediening dikwels genooi om tydens eredienste te praat en is selfs al versoek om soms dienste waar te neem. Hulle is ook al genooi om op die plaaslike radiostasie op te tree.

Oudtshoorn is nou van voorneme om ook uit te reik na die Chinese in hul midde. Hulle het 'n IAFA (*AVIC International Flying Training Academy*)-vliegskool wat Chinese vlieëniers oplei en sal op hierdie manier met hulle probeer kontak maak. Intussen soek hulle nog iemand wat Mandaryns kan praat, maar sal intussen Mandarynse Bybels aanskaf.

Hulle beplan om vriendskapsbande met hierdie groep mense te bou deur hulle met hul alledaagse probleme by te staan. Dit is belangrik dat die Chinese 'n warm tuiste ver van hul vaderland in Oudtshoorn sal beleef.

Arbeidsbediening beplan om ook 'n bediening aan Oudtshoorn se munisipale straatskoonmakers te begin. André het alreeds by verskeie geleenthede by hulle stilgehou, gesels, saam met hulle gebid en Bybels uitgedeel. Hy voel egter dit moet op 'n wyer vlak plaasvind.

Kontak André van Staden
wes1@telkomsa.net

BrightStar programme offers new hope to prison youth

The BrightStar training programme is gaining popularity. Congregations and workplaces testify throughout how it helps members or employees discover their own self-worth and to be happier.

Thandeka Mbolekwa, coordinator of the Brandvlei Prison for Youth Correctional Services, where BrightStar was presented in October last year, reports, "We had 25 inmates who participated and they really enjoyed it. They learned a lot about God and how to understand themselves. The presentation was interesting and the course attendees enjoyed the videos that were shown according to the specific topic they were learning about.

The presenters were always on time and very patient. All went well and in a very positive atmosphere. God bless."

The Chaplain, Rev. Glenda Fredericks said, "Thank you for all the advance contact and information to ensure a successful course for our juvenile prisoners. One could see that they really enjoyed it and participated fully. This outstanding course also contributes to our rehabilitation programme which aims to change the behaviour and thought patterns of the youth."

F.l.t.r.: Thandeka Mbolekwa, Lene November, Rev. Jannie Booysen, Rev. Glenda Fredericks and Perston Arendorff (Head of Brandvlei Correctional Centre: Youth)

Lene November, Industrial Ministry's administrative officer and co-facilitator of BrightStar testifies, "One of them even indicated that he would like to be trained as facilitator one day in order to contribute to the community and his desire is to become involved in Industrial Ministry.

"The vast majority requested our help to become involved in congregations in their community upon their release.

"Congratulations to Rev. Jannie Booysen for the way in which he relates to the youth during his presentation. All glory be to God."

Kontak Carin Brink
cbrink@kaapkerk.co.za

“What if I had stayed silent?”

This is the question Johan Crous recently asked at a business place where he ministers in Wellington. “What if I used the influence I have in people’s lives to make a difference, such as to confront someone who is in a relationship, perhaps making wrong decisions? Ecclesiastes challenges us with: ‘There is a time to be silent and a time to speak …’”

Afterwards one of the managers shared with Johan that his brother-in-law wants to divorce his wife; a decision greatly upsetting the entire family. But through Johan’s message, the Lord challenged him to call his brother-in-law and confront him about what he is busy with – in the same way that the prophet Nathan had to confront David.

The man later testified that he was no longer afraid and that he did in fact confront his brother-in-law. In the end the brother-in-law was so receptive to discussing the situation that he travelled down to the Cape so that they could talk about the challenges in his life and marriage face-to-face.

Following this, the manager’s wife even phoned her sister and invited her to discuss their marriage with her. Thereafter she flew to her sister where they could talk in depth. It seems as if the couple may now be prepared to give their marriage a second chance.

So, the question is: Am I prepared to influence people’s lives and speak up when I notice that wrong choices are being made? Or are we silenced by the fear of being hurt or becoming unpopular?

When the Lord lays something on our hearts, He provides the courage, the words, the time and place and He makes the person’s heart receptive to the Spirit. The Lord tells us as He told Joshua: “Be strong and courageous. *Do not be afraid; do not be* discouraged, for the Lord your God will *be* with you wherever you go.”

Because we do not want to see those we care about get hurt, we must do this in an attitude of love, gentleness and humility.

Let us practice caring for and carrying one another here on earth by having an influence in each other’s lives, especially in the workplaces where the Lord has placed us to build His Kingdom.

Contact Johan Crous
crousjm@telkomsa.net

Vuyo ontdek sy vreugde in die Here

Jan van den Berg, geestelike werker van Helderberg-Kom, vertel: “Een van ons besighede, Hi-Q (’n motorbandeplek), word deur ons hulpwerker, Willie Foscher, vir die afgelope nege jaar bedien. Die opkoms was nog altyd baie goed en ’n hegte vriendskap het mettertyd tussen die werkers en Willie ontwikkel.

“Willie het die werkers later so goed geken, dat hy kon agterkom as daar iemand was wat nie lekker gevoel of gelyk het nie.

“Een so ’n werker was ’n Xhosa van die Transkei met die naam, Vuyo (wat ‘vreugde’ beteken). Sy gesondheid was swak, hy was baie arm en daar was ’n gebrek aan mediese dienste by sy blyplek. Daarom het hy besluit om as ekstra hand in die Strand by Hi-Q te kom werk. Dit het hom daartoe in staat gestel om gereeld van sy verdienste na sy familie te kon stuur, aangesien daar geen bron van inkomste by hulle was nie.

“Vuyo het aan Willie vertel dat die godsdiens daar in die Transkei anders is as waarvan Willie hulle hier vertel. In die Transkei speel voorvadergeeste ’n groot rol, maar hy meen dat dit hom niks help nie; hy voel in sy hart dat God met hom praat en dat hy gelukkig en gerus voel as Willie vir hulle die Boodskap bring.

“Eendag het Vuyo vir Willie gevra om saam met hom te bid en so het hy sy hart vir die Here gegee. Vuyo het begin straal en in sy werk kon mense dit ook agterkom. Hy was vriendelik, ywerig, hulpvaardig en geïnspireerd.

“Dit het só ’n indruk op die ander werkers gemaak, dat hulle na Vuyo gekom het vir voorbidding as hulle probleme gehad het.

“Intussen is Vuyo ongelukkig oorlede, maar die Christelike gesindheid wat hy uitgeleef het, leef steeds voort in hierdie werksplek.”

Kontak Jan van den Berg
arbeids.helderberg@gmail.com

Ja, ek wil baie graag ’n medewerker van Arbeidsbediening word.

Hier is my offer van R200 R100 R50 of R .....

Merk wat van toepassing is:

- Ek wil graag ’n bydrae maak van R_____
- Ek het ’n tjek gestuur na Arbeidsbediening, Privaatsak X8, Bellville, 7535
- Ek het ’n direkte deposito in Arbeidsbediening se rekening gemaak. Verwysing: Arbeidsbediening en naam van die tak (dorp).
- E-pos asb u inbetalingsbewys na cbrink@kaapkerk.co.za.

E-pos (cbrink@kaapkerk.co.za) asb u besonderhede.
My naam en adres: .....
.....
Tel: .....E-pos: .....

Bankbesonderhede:

Naam:	Arbeidsbediening
Bank:	Nedbank
Takkode:	198-765
Rek. nr.	1135-900-353
U verwysing:	Noem saak van ondersteuning
Ons verwysing:	U naam en van

Mosselbaai

Teen hierdie tyd ken ongeveer 250 sakeondernemings in Mosselbaai en Groot-Brakrivier al vir Pierre Lambrechts en sy span van by die 70 geestelike werkers.

Hulle probeer ten minste een keer per maand die Woord by hierdie werksplekke bedien en bou ook gereeld aan hul verhoudings met die bestuurders en personeellede.

Pierre het 34 jaar gelede by ds. Johan Marais van die Moedergemeente op Mosselbaai van Arbeidsbediening gehoor en is sedertdien ywerig by hulle werk betrokke. In hierdie tyd is mense wat byvoorbeeld saamgebly het, aangemoedig om te trou, ander is bygestaan om die Here van ganser harte te volg en in die krag van gebed te glo.

Een so 'n persoon was een van die eienaars van 'n sakeonderneming – 'n rowwe en wilde man. So het Pierre hom ook aangemoedig om sy saak met die Here reg te maak, maar sonder enige resultate. Totdat die man as gevolg van 'n hartaanval in die hospitaal beland het.

Daarna het Pierre hom elke week gaan besoek en ernstig vir hom gebid. En toe is die man skielik oorlede ...

Groot was Pierre se vreugde toe hy uitvind dat ds. Pieter Cronjé van George twee weke voor die man se dood hom besoek en na die Here gelei het!

Dit was vir Pierre opnuut 'n kragtige getuienis van hoe die Here ons gebede beantwoord as ons intree vir iemand of vir 'n saak wat ons na aan die hart lê.

Kontak Stephna Maree
arbeidsbedieningmsb@gmail.com

It's full steam ahead for Train Ministry in communities

Roy Stamper witnessing at a school


Collins Bomali

Collins Bomali and Roy Stamper are the inspired and committed spiritual workers serving staff members and commuters with the love of God on our metropole trains and at Transnet and Metrorail's stations.

We are very proud of Collins who celebrated his graduation in theology last year and is also doing a fantastic job with the youth of Lower Crossroads and Marikana using soccer to spread the Gospel. He supports and encourages these youngsters that there can be a better future for them. Many of these boys grow up without a father taking any interest in them and have a desperate need for role models of good fathers. The relationship that Collins has cultivated with the youth allows him to teach them about the different phases of manhood and how to best navigate the journey from adolescence to adulthood.

According to Roy Stamper, "The train ministry is still going strong and we bless commuters with free Christian CDs, books, DVDs and Bibles. We appeal to anyone who has any Christian books, Bibles and CDs that they do not use anymore to consider donating them to our ministry. In this way we can stay on track with God's love for a hurting world and continue to be a blessing to daily rail commuters."

Roy is doing a wonderful job, visiting schools and witnessing to hundreds of children how God changed his life from a drug addict and convict to an inspirational follower of Jesus Christ. His testimony is an inspiration to many.

May God remain the fuel firing your great work in His service.

Contact Carin Brink
cbrink@kaapkerk.co.za

FREE pamphlets in different languages can be ordered from Christian Literature Fund. Visit www.clf.co.za for more information or send an email to info@clf.co.za for the full catalogue.